KLK LANDBOU BEPERK
REGISTRASIE NOMMER: 1997/015589/06

AANVAARDINGSVORM OM KLK LANDBOU BEPERK ("KLK") AANDELE TERUG TE KOOP

Indien u die aanbod om terugkoop van u KLK- gewone aandele wil aanvaar, moet u die aanvaardingsvorm voltooi en onderteken ter bevestiging dat u die voorwaardes en terme vir die terugkoop van gewone KLK- aandele gelees het en daarmee saamstem.

REGISTER/X-NOMMER VAN GEREGISTREERDE HOUER VAN KLK-AANDELE: ……

NAAM: ……

ADRES VAN GEREGISTREERDE HOUER VAN KLK-AANDELE: **EPOS ADRES:**

…… ……

…… **SELFOON:**

…… ……

TELEFOON (WERK): **TELEFOON (HUIS):**

…… ……

AANTAL AANDELE EN PRYS WAARTEEN AANDELE TERUGGEKOOP WORD:

……Gewone aandele R…… ……. Prys per aandeel R…… …… Totale terugkoop prys

Ek/Ons aanvaar die aanbod wat vervat is in die aanbodbrief met terme en voorwaardes waarby hierdie aanvaardingsvorm aangeheg is en waarvan dit deel uitmaak. Ek/Ons magtig KLK om alle sodanige dokumente te onderteken en alle sodanige aksies te neem wat nodig mag wees om die terugkoop van my/ons aandele ingevolge die aanbod te bewerkstellig. Ek/Ons versoek hiermee dat die aanbodteenprestasie vir my gewone aandele aangebied, gedeponeer word in my bankrekening waarvan die besonderhede hieronder verstrek word:

Besonderhede van bankrekening:

Naam van rekeninghouer:	Banknaam:
Van of naam van regspersoon, indien enige:	Taknaam of kode:
Voorname (volledig):	Rekeningnommer:

…… **…… /…… /……**

HANDTEKENING VAN AANDEELHOUER/ OF REGSPERSOON **DATUM**

KLK LANDBOU BEPERK
REGISTRASIE NOMMER: 1997/015589/06

AANBODBRIEF MET TERME EN VOORWAARDES VIR DIE AANVAARDING VAN AANBOD OM TERUGKOOP VAN KLK- AANDELE

1. KLK- aandeelhouers wat die aanbod aanvaar en die aanvaardingsvorm onderteken onderneem om nie sodanige KLK- aandele te verhandel aan ‘n ander party terwyl die aanbod oorweeg word nie.

2. Ondertekenaars mag versoek word om bewys te lewer van hulle magtiging of hoedanigheid om die aanvaardingsvorm te onderteken.

3. Enige wysiging van aanvaardingsvorm moet ten volle onderteken word.

4. Indien die aanvaardingsvorm kragtens ‘n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of ‘n gesertifiseerde afskrif daarvan saam met die dokumentasie ingedien word.

5. Waar die aandeelhouer ‘n maatskappy, trust of beslote korporasie is, moet ‘n gesertifiseerde afskrif van die direkteure, trustees of lede se besluit wat die ondertekening van die aanvaardingsvorm magtig, ingedien word.

6. Waar KLK- aandele gesamentlik gehou word, moet die aanvaardingsvorm deur alle gesamentlike aandeelhouers onderteken word. KLK mag op diskresie, die handtekening aanvaar van die houer wie se naam eerste in die aandeelhouersregister opgeteken is.

7. Die aanbodteenprestasie verskuldig aan emigrante en nie-inwoners van gemeenskaplike monetêre gebied (laasgenoemde sluit Suid-Afrika en Namibië in) (“nie-inwoner”) sal slegs gedeponeer word in ‘n bankrekening van ‘n geregistreerde bank binne die gemeenskaplike monetêre gebied. Indien nie-inwoners onseker is oor die hantering van die aanbod, konsulteer asseblief met u bankier, prokureur, rekenmeester, makelaar of ander professionele raadgewer.

8. Aandele so teruggekoop sal deur KLK self volgens wetlike vereistes gekanselleer word en tot die status van onuitgereikte aandele herstel word.